

**Sing vooraf:** Psalm 33:11 (p. 161)

- 11 In God, dié God wat ons beveilig, / voel nou ons hart opnuut verblyd;  
en op sy Naam, ontsaglik heilig, / vertrou ons tot in ewigheid.  
Goedertieren Vader, / hoor ons as ons nader / met 'n diep ontsag;  
slaan ons gunstig gade, / skenk ons u genade / as ons op U wag!

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.  
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige  
werking van God die Heilige Gees.

**Amen.**

Lofpsalm 103:7 (p. 505)

- 7 Geen vader wat, deur smartgevoel bewoë, / sy kind aanskou met teerder mededoë  
as Isr'els HEER die wat Hom eer en vrees. / Hy weet wat van sy maaksel is te wagte,  
hoe swak van moed, hoe klein ons is van kragte, / en dat ons stof van jongs af is gewees.

Gebed

- **Doksologie:**
- **Aanbidding:**
- **Skuldbelydenis:**
- **Vergifnis:**
- **Dank:**
- **Smeking vir die nood van die gemeente en voorbidding vir die kerk, owerhede en sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God**
- **Algemene bede:**
- **Verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens:**

**Amen.**

Psalm 86:8 (p. 434)

- 8 Maar barmhartig en lankmoedig, / groot van goedheid en oorvloedig  
in genade, en altoos trou / is die HEER wat my behou.  
Wend U tot my in ontferming, / red my, toon my u beskerming!  
Hoor my, HEER, 'n seun is dit / van u diensmaagd wat hier bid.

Skriflesing: Psalm 50

Teks: Psalm 50:14-15

**Offer dank aan God, en betaal jou geloftes aan die Allerhoogste; en roep My aan in die dag van benoudheid: Ek sal jou uithelp, en jy moet My eer. (Psalms 50:14-15 AFR1953)**

Dis die eerste Psalm van Asaf. In hierdie Psalm is God besig om by sy volk huisbesoek te doen.

- Die Here sê in die eerste paar verse dat Hy verskyn in sy ligglans.
- Die Here besoek ons en Hy kan nie swyg nie.

**Hoor, my volk, dat Ek kan spreek; Israel, dat Ek jou dit kan inskerp: Ek is God, jou God!**  
(Psalms 50:7 AFR1953)

Dan leer die volgende verse dat alle uitwendige godsdiens nie noodwendig veel beteken nie.

- Ons kan nie net volstaan met uitwendige seremonies nie!
- Dis nie al wat vir die Here aangenaam is nie.
  - Die Here sê mos in die Psalm dat ons nie moet dink dat dit vir Hom nodig is om bulle of bokke uit ons krale te neem nie.
  - Want alle vee en diere van die veld is buitendien syne! Of treffend vers 12:

**As Ek honger het, sal Ek jou dit nie sê nie; want die wêreld is myne en sy volheid.**  
(Psalms 50:12 AFR1953)

Die Here wil ons gawes hê, maar daarmee saam 'n opregte hart!

- Ons moet minder aandag aan die uitwendige dinge gee en onself vasmaak aan die inwendige dinge: ons moet die Here in gees en waarheid dien! Dis vers 14 en 15.
- Ons moet die Here dien deur te dank en te bid!
  - Dit moet ons doen soos die gekome Messias ons dit geleer het, byvoorbeeld Matteus 6: Die Onse Vader.
  - Of soos ons belydenis dit stel: Die Here met hartlike sugte sonder ophou bid en dank.

Dit gaan daaroor dat ons moet bid, maar ook waaroor ons moet bid, en hoe ons moet bid!

- Oor die inhoud van ons gebede is daar al baie geskryf en gesê, maar die hoofsaak is sekerlik dat ons moet dank vir seënige en moet bid vir alle geestelike en liggaamlike nood.
- Daarom word die *Onse Vader* gegee en wie is daar wat ons beter kan leer om te bid as juis die Here self?

*In die eerste plek kan ons sê dat die gebed ook bepaalde grense het – grense ten opsigte van die vorm van jou gebed maar ook grense ten opsigte van die wese.*

Die Here wil hê dat ons in ons gebede twee vorms van misbruik moet voorkom. Die eerste een is die vorm van die gebed. Jesus praat daarvan in Matteus 6:5-7.

- Moenie jou gebed gebruik vir 'n ydele herhaal van woorde nie. Moenie dieselfde dinge oor en oor sê nie.
- Die Here is in die hemel en Hy is magtig – Hy weet buitendien wat jy wil bid nog voordat jy selfs die gedagtes daarvoor bedink het!
- Die Here is so magtig dat ons nie deur herhaling dinge by Hom hoef in te skerp nie!

Baie woorde is nie nodig nie, want die Here kyk na jou hart en jou gesindheid.

- Dikwels kom die waarskuwing teen lang gebede.
- Een voorbeeld is die waarskuwing teen die Fariseërs wat met lang gebede op die hoeke van die strate staan en bid om deur die mense gesien te word.
- En Matteus 23:14: dat die Fariseërs vir die skyn lang gebede doen en daarom van die Here 'n swaarder oordeel sal ontvang.

Die heidene en die ongelowiges doen die soort van ding ook.

- Die Baälprofete op Karmel die dag teen Elia het byna die hele dag lank geroep en geskreeu.
- Hulle het die saak verder so veruitwendig dat hulle hulleself stukkend gekerf het!
- Teen hierdie soort van ding waarsku die Here ons!

Baie woorde pas nêrens slegter as in 'n gebed nie!

- Dan verval jou eerbied in 'n sekere sin, want geeneen van ons sê in 'n gesprek met 'n meerdere dieselfde ding oor en oor nie. So 'n meerdere sal ons aanspreek as ons dit sou doen.
  - Waarom dan teenoor die Here? Dan val jou aandag ook plat.
- Bid in eenvoud en kort, want die Here ken jou behoefte!
  - Dink daarom aan jou behoeftes.
  - Formuleer nou jou nood en jou dank voor God voordat jy gaan bid!

Bid:

- Eerlik
- Eenvoudig

- Duidelik
- En kort

Bid spesifiek: omdat ek haat, lieg, ens.

Dit wil nou nie sê dat alle lang gebede verbied word nie.

- Paulus en die Here Jesus het by sekere geleenthede lank gebed, maar dit was deurdagte gebede – nie net ydele woorde nie!
- Dit was ook nie gebede waarmee daar van die standpunt uitgegaan is dat mens iets kan verdien met jou gebede nie.
- Dit was ook nie 'n uiterlike vertoon van vroomheid nie.

Dan is 'n lang gebed nie verkeerd nie.

Lang gebede is reg wanneer daar 'n diepe erns in is.

- Wanneer 'n groot eerbied vir God dit kenmerk.
- Wanneer daar gebed word met 'n warm hartlikheid.
- Wanneer waarheid jou gebed kenmerk!

Dan is daar in die tweede plek die wese van die gebed.

- Ons gebede se inhoud mag nooit getuig dat ons bid vir rykdom en nog meer as om versadig te wees nie.
- Ons gebede mag ook nooit getuig dat ons innerlik nooit versadig kan word nie!
- Begeerlikheid bederf net jou gebed!

*Die Here het buitendien oorvloed vir almal, maar ons mag nie bid vir die versadiging van ons liggaamlike en geestelike luste nie!*

Mens mag ook nooit bid vir dit wat jy nie nodig het nie.

Waarvoor mag ons dan bid? Vir die dinge wat God ons beloof het.

- Vir geloof en verlossing.
- Vir voorspoed maar nie vir oorvloed nie.
- Ons mag bid vir seën.
  - Vir dinge soos kos en klere en reën en die dinge wat lewensnoodsaaklik is, maar menslik buite ons bereik is.
  - Vir hulp om sondes te oorkom.

Bid sober en opreg vir hierdie dinge.

- Soos die tollenaar wat maar net op sy bors geslaan het, opgekyk het en God om vergifnis van sy sondes gesmeek het!
- Die wese van jou gebed se grense is dat jy nooit onverstandig en oorbegeerlik in jou gebede mag wees nie!

Dit gaan ook oor die inhoud van jou gebed!

- Weet wat jy bid.
- Weet wat jy wil vra.
- Weet wat jy mag vra!
- Daar moet orde in jou gebed wees.
- Jou hart en jou oortuiging moet jou gebed bepaal want dan is jy eerlik en opreg.

*Met hierdie oortuiging bid ons vir alles wat ons na liggaam en siel nodig het. Alles waarvoor die Here Hom bereid verklaar het om dit te gee! Dis alles wat by jou saligheid behoort.*

Anders gestel, kan ons sê jy mag bid vir alles wat die Here Jesus Christus raak. Dit is eerstens die dinge wat God raak.

- Dinge soos om die Here reg te kan ken.
- Om die Here se wil te verstaan.
- Ons mag bid vir die wil om die sonde te weerstaan, en om God te kan verheerlik met ons lewe en ons werke.
- Ons mag verder bid vir die inwoning van God die Heilige Gees in ons.
- Ons mag ook bid vir die versierendheid om só te lewe dat ons vir meer lewe as net vir die tydelike.
- Ons mag veral bid vir geloof – dink maar aan die volgende woorde in die Bybel:

**Toe het die apostels aan die Here gesê: Gee ons meer geloof.**

(Lukas 17:5 AFR1953)

Verder mag ons dan bid vir die dinge wat ons naaste raak.

- Dinge soos sy welstand en sy voorspoed.
- Ons moet bid vir sy bekering as hy dwaal.
- Maar ons moet die Here ook dank vir die goeie wat ons van ons naaste ontvang.

Ons gebed se inhoud moet verder gekenmerk word deur beskeidenheid.

- Ons moenie probeer bid vir wat God nie wil gee nie.
- Dis selfs onder mense onbeskeie om te vra wat jou nie toekom nie. Hoeveel te meer nie om van God te vra wat nie jou reg is nie!

Ons gebed moet verder gekenmerk word deur emosie.

- Daar moet vreugde wees as ons God dank.
- Mens kan nie eers jou medemens bedank sonder blydskap nie. Hoeveel te meer dan nie die Here nie?
- Op die regte tyd moet jy ook berou hê. Met hartseer moet jy pleit vir jou bekering van jou sondes.

Die Here gee die lewe en Hy onderhou ons graag. Hy eis net van ons opregtheid en 'n beleving van sy goedertierenheid. Dit is 'n groot voorreg

- om, wanneer jy wil, met jou God te kan kommunikeer deur die gebed; en
- om oor letterlik alles te mag bid – oor jou grootste hartseer en jou mooiste oomblikke van blydskap!

'n Verdere eienskap van jou gebed moet duursaamheid wees. Want jy is geen oomblik sonder God nie.

- Bid tevrede.
- Bid onderworpe aan God.
- Aanvaar wat Hy beskik, want Hy weet beter.
- En verloën jouself – God is almagtig.

Omdat hierdie saak so geweldig ernstig is en net so moeilik, het die Here Jesus ons geleer wat om te bid.

- Hy kan ons met reg leer, want Hy weet wat die Vader behaag.
- In die *Onse Vaderis* alles opgeneem waarvoor 'n mens mag bid.
  - Eerstens vir die dinge wat God raak:
    - Sy eer
    - Sy Naam

- Sy ryk
- Sy wil

Al ons behoeftes pas hierin.

- Verder beoefen jy in hierdie gebed deur God ook gemeenskap met jou naaste.
  - Vergewe ons ons sondes.
  - Gee ons ons daaglikse brood.
  - Lei ons nie in versoeking nie!

Die *Onse Vader* is 'n kort gebed wat alles insluit. So bid die Here Jesus baie.

- Die aand in Getsemané, byvoorbeeld, bid Hy dat die beker by Hom moet verbygaan, maar dat God die Vader sy wil moet laat geskied!
- Aan die kruis bid Hy die gebed dat die Here sy Gees moet ontvang!

Om te bid is 'n daad van heiligheid. Die meeste van ons sukkel om te bid.

- Dit is reg so, want as ons bid, staan ons voor God in sy groot heiligheid en niemand kan voor die Heilige God gaan staan sonder om te stamel nie.
- Want ons almal se dade en lippe is vol sonde.

Maar dis juis ons troos.

- Solank as wat ons kinderlik opreg bid – al sê ons soms baie dinge verkeerd – solank is die Here ons genadig.
- Laat ons dan bid omdat ons moet, en omdat dit 'n voorreg is.
- Laat ons bid soos die Here self ons beveel:

**en roep My aan in die dag van benoudheid: Ek sal jou uithelp, en jy moet My eer.** (Psalms 50:15 AFR1953)

**Roep My aan, en Ek sal jou antwoord en jou bekend maak groot en ondeurgrondelike dinge wat jy nie weet nie.** (Jeremia 33:3 AFR1953)

**Amen.**

Slotgebed

Skrifberyming 10-2

Ons Vader wat woon in die hemel, / geheilig sy u Naam,  
 laat u ryk kom, u wil geskied, / soos in die hemel so ook op die aarde.  
 Gee ons vandag ons dag se brood / en vergeef ons al ons skulde, net soos ons vergewe  
 die wat teen ons sondig. / Laat kom ons nie in die versoeking;  
 maar verlos ons van die Bose. / Van U is die ryk en die sterkte en die ere,  
 vir ewig en ewig, amen / vir ewig en ewig, amen.

Die HERE sal jou seën en jou behoed;

Die HERE sal sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees;

Die HERE sal sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee.

**Amen.**

Dr MJ du Plessis  
 Gereformeerde Kerk Bellville  
 Datum: 15 Junie 2008 (aand)